147. KAB. A. 11

# WIE GRYP KRY 'N HANDVOL

'n Kabaretkeur uit die werk van

Hennie Aucamp

Saamgestel deur Mark Graham en Herman Pretorius

PROGRAM (met voorlopige rolverdeling)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Proloog | MPG (Tafelberg) | Herman | Tafelberg |
| 2. | Brommer in die Boord (liedjie) | B in die B | Geselskap | HAUM-Literêr |
| 3. | Ampie in die jaar 2000 (monoloog) | Oudisie! | Maulise | ongepubliseerd |
| 4. | Rit Deur die Lang Karoo (liedjie) | MPG | Jannie en meisies | Tafelberg |
| 5. | Hierdie Hande (monoloog) | Dalk gaan niks verlore nie | Herman | Tafelberg |
| 6. | Die Werke van Ons Hande (liedjie) | " | Herman en geselskap | " |
| 7. | Kaal en naak (dialoog) | MPG | Herman en Leanna | " |
| 8. | Naak is die mens gebore (liedjie) | MPG | Nico | " |
| 9. | Mabel en Daisy (dialoog) | Slegs vir almal | Nicole, Maulise, Jayson | HAUM-Literêr |
| 10. | Die lewe is 'n Grenshotel (liedjie) | MPG | Paul en geselskap | Tafelberg |
| 11. | Lekker is 'n vinger lank (gedig) | Teen latenstyd | Herman | Tafelberg |
| 12. | 'n Nar by sy huis (liedjie) | MPG | Jannie en Waldi | Tafelberg |
| 13. | Die Groot Wedstryd (dialoog) | Slegs vir almal | Maulise, Amelda, Nico, Jayson | HAUM-Literêr |
| 14. | Die Stank (monoloog) | Slegs vir almal | Herman | HAUM-Literêr |
| 15. | Lied van die Security Boys (liedjie) | Slegs vir almal | Jannie, Waldi, Paul, Jayson | HAUM-Literêr |
| 16. | Die Skawagter van Stompiesfontein | Dalk gaan niks verlore nie | Leanna | Tafelberg |
| 17. | Waar's my Dae, waar's my dinge (liedjie) | " | Leanna | " |
| 18. | Liewers minder as meer (dialoog) | Blomtyd is bloeityd | Waldi en Amelda | ongepubliseerd |
| 19. | Treurlied vir 'n Vroetelpappie (liedjie) | MPG | Jayson en Herman | Tafelberg |
| 20. | Muurblomme (dialoog) | Blomtyd is bloeityd | Nicole en Maulise | ongepubliseerd |
| 21. | Parade van die tantes (liedjie) | MPG | Nico en mans | Tafelberg |
| 22. | Waar is al die blomme heen? | Waarskynlik by Dalro geregistreer | Meisies | ongepubliseerd |
| 23. | Lear van die Bernauerstrasse | MPG | Herman en Waldi | Tafelberg |
| 24. | Lied van die Verminktes (liedjie) | MPG | Waldi, Jayson, Paul, Nico | Tafelberg |
| 25. | Die laaste soldaat (monoloog) | Oudisie! | Paul | ongepubliseerd |
| 26. | Die Afwaartse Spiraal (liedjie) | Oudisie! | Paul en geselskap | ongepubliseerd |
| 27. | In Hierdie wye, droewe land (liedjie) | Slegs vir almal | Geselskap | HAUM-Literêr |
| 28. | Groen (monoloog) | MPG | Maulise | Tafelberg |
| 29. | Vra alles behalwe die liefde (liedjie) | Slegs vir almal | Geselskap | HAUM-Literêr |
| 30. | Epiloog | Nuut geskryf vir die vertoning | Herman | ongepubliseerd |
| 31. | Teen Latenstyd (liedjie) | Die lewe is 'n grenshotel | Geselskap | Tafelberg |

PROGRAM (met voorlopige rolverdeling)

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Proloog | Herman |
| 2. | Brommer in die Boord (liedjie) | Geselskap |
| 3. | Ampie in die jaar 2000 (monoloog) | Maulise |
| 4. | Rit Deur die Lang Karoo (liedjie) | Jannie en meisies |
| 5. | Hierdie Hande (monoloog) | Herman |
| 6. | Die Werke van Ons Hande (liedjie) | Herman en geselskap |
| 7. | Kaal en naak (dialoog) | Herman en Leanna |
| 8. | Naak is die mens gebore (liedjie) | Nico |
| 9. | Mabel en Daisy (dialoog) | Nicole, Maulise, Jayson |
| 10. | Die lewe is 'n Grenshotel (liedjie) | Paul en geselskap |
| 11. | Lekker is 'n vinger lank (gedig) | Herman |
| 12. | 'n Nar by sy huis (liedjie) | Jannie en Waldi |
| 13. | Die Groot Wedstryd (dialoog) | Maulise, Amelda, Nico, Jayson |
| 14. | Die Stank (monoloog) | Herman |
| 15. | Lied van die Security Boys (liedjie) | Jannie, Waldi, Paul, Jayson |
| 16. | Die Skawagter van Stompiesfontein | Leanna |
| 17. | Waar's my Dae, waar's my dinge (liedjie) | Leanna |
| 18. | Liewers minder as meer (dialoog) | Waldi en Amelda |
| 19. | Treurlied vir 'n Vroetelpappie (liedjie) | Jayson en Herman |
| 20. | Muurblomme (dialoog) | Nicole en Maulise |
| 21. | Parade van die tantes (liedjie) | Nico en mans |
| 22. | Waar is al die blomme heen? | Meisies |
| 23. | Lear van die Bernauerstrasse | Herman en Waldi |
| 24. | Lied van die Verminktes (liedjie) | Waldi, Jayson, Paul, Nico |
| 25. | Die laaste soldaat (monoloog) | Paul |
| 26. | Die Afwaartse Spiraal (liedjie) | Paul en geselskap |
| 27. | In Hierdie wye, droewe land (liedjie) | Geselskap |
| 28. | Groen (monoloog) | Maulise |
| 29. | Vra alles behalwe die liefde (liedjie) | Geselskap |
| 30. | Epiloog | Herman |
| 31. | Teen Latenstyd (liedjie) | Geselskap |

1. Proloog

M.C.: Om die een nie te laat nie en die ander te doen:
hoe kry ons, my vriende, dié pole versoen?
Om die lyf te verwen
maar ook gees te erken?
Om nà liefdesverraad
te bly soek na 'n maat?
Om te haat soos 'n heer
maar ons bêtes noires te sméér?
Om ons grens te bewaar
en tog lewens te spaar?
Om te keer as dit moet
sonder blouoog of bloed?
Om die status quo
éen ons land te behou?
Om polities te strewe
én moreel te wil lewe?
Om skoonheid te kroon
sonder Deug te verloën?
Om sensor te wees
én die kuns nie te kneus?
Om pyn te verduur
selfs te seën as 'n kuur?
Om die dood te sien nader
as sorgsame vader?

Die antwoord, my hoorder, ken u beter as ek:
wag onder die bed, tot die vyand vertrek;
want raad en verlossing, so waar soos die wet,
bestaan bloot kuns-aardig: in ons spel - Kabaret!

## 2. Brommer in die Boord

Dekor vir twee verliefdes:
die laaste westergloor! -
hul soen soos in die movies,
geen haarlok raak verstoor! -
maar o, maar o, maar o
die mens staan weer bedroë:

    weer weet ons tussen bloeisels
    met (hul) soetheid wat bly draal:
    die lewe is nie soos dit hoort -
    daar's altyd brommers in die Boord.

Dekor vir twee verliefdes:
'n halfmaan bo die skuur! -
'n liefde by dié skynsel
moet tog vir altyd duur? -
maar o, maar o, maar o
die mens staan weer bedroë:

    weer weet ons tussen bloeisels
    met (hul) soetheid wat bly draal:
    die lewe is nie soos dit hoort -
    daar's altyd brommers in die Boord.

Dekor vir twee verliefdes:
'n volmaan bo die skuur!
het M.G.M. se mense
dié rekwisiet gestuur? -
maar o, maar o, maar o
die mens staan weer bedroë:

    weer weet ons tussen bloeisels
    met (hul) soetheid wat bly draal:
    die lewe is nie soos dit hoort -
    daar's altyd brommers in die Boord.

Dekor vir twee verliefdes:
'n peerboord in die nag -
'n bries laat val confetti
tot minnaars hardlop lag! -
maar o, maar o, maar o
die mens staan weer bedroë:

    weet weet ons tussen bloeisels
    met (hul) soetheid wat bly draal:
    die lewe is nie soos dit hoort -
    daar's altyd brommers in die Boord.

3. <u>Ampie in die jaar 2000</u> of <u>Die afsêbrief</u>

Annekie sit op 'n kas ertappelmoere en skryf 'n brief aan haar "nooit vergetene Ampie". Sy het dieselfde kostuum en grimering wat Elsa Fouché in die André Huguenet-opvoering gehad het.

Vlakplaas
2 Fewerarie 1990

My nooit vergetene Ampie

Ek stuur 'n meidjie met jou wasgoed want dit lyk my nie jy gaan weer jou voete op ons werf sit nie. Jy kan haar 'n ietsie gee maar nie te veel nie hoor want sy't 'n mooi oop gesig en 'n mens wil haar nie staan en bederf nie. Jou tiesjit is so vol gate ek kan dit nie meer stop nie my ma sê jy kan ertjies daardeur saai. Ek het jou jiens twee dae in die Jik laat lê dit was so vol kolle. My pa sê magtag is die man dan 'n roomfabriek hahaha. Ek is bly ek het my nooit aan jou gegee nie behalwe daardie een keer in die skuur by oom Habakuk hulle en dit tel nie. My ma sê dié Ampie van jou is 'n waterloot want anders hoekom het jy nie gevat nie. Ek sal jou bystaan Ampie al is jy ook 'n klophings maar ek deel jou nie met 'n ander nie want ek het my eer en die minste met daardie Witblits met wie jy nou gesien word. Ampie ek praat nie sommer sleg van 'n medemens nie maar Ampie daardie Witblits is 'n vryhotel en 'n perdemerrie en almal weet dit, so ek skaam nie om dit te sê nie en sy sal jou deurbring. Almal in die dele kan haar storie en hoe sy van die myne af gekom het met vuilsiek. Ampie jy moet my koekblik vir die meidjie gee die een met die twee wit hondjies op en sit al my briewe in die koekblik want Ampie dis verby tussen ons. As jy weer so die bors het onthou van die wildeals. Jy trek dit 'n paar maande op brandewyn en dit moet goed getrek wees anders help dit nie. Die wildeals groei altoos naby 'n spruit maar as dit nie ander kan nie moet jy glo maar oorkom net ek sal nie uitkom nie want Ampie jy het my tog te seer gemaak met daardie Witblits en as trougeskenk sal ek vir jou die resep gee van die Franse koek waarvan jy so baie hou en waarvan jy goormaag gekry het met Nuwejaar of dit kan van die varktjops ook wees maar ek sê nou vir jou Ampie as daai Witblits ooit op ons werf kom krap ek haar oë

met my naels uit en sit hulle op versterkwater en verkoop hulle as niekerbols op die kerkbasaar.

Jou seer liefhebbende Annekie

Ampie ek dink nou net hoekom gee jy nie vir die meidjie 'n kadoes wit suiker nie die ou nasie is mos gek na soetgoed hulle weet daarvan nog voor die miere sê my ma. Pas tog jou bors op my pa sê dit gaan 'n strawwe winter word.

God sy met jou

Jou seer bedroefde Annekie

En o ja Ampie nog iets jy weet mos van die Oberholzers wat in die Moot bly met die baie kinders neentien maar nou is daar nie meer so baie nie. Iets vang onder die kinders daar is nou dertien oor en almal kan inpas om die tafel. Geluk by die ongeluk sê my pa en nou moet ek regtig ophou want ek wil nie hê die donker moet die meidjie vang nie hulle sê hiers 'n rondloper leeu wat baie skade aanrig. Tant Gesie se krismiskalkoen raai sommer helder oordag en sy 'n weduwee.

Nogmaals gegroet en dink aan die wat minder bevoorreg is.

Annekie

As 'n mens 'n dier kan omkoop gee ek daai leeu twee van my pa se vetste hamels en stuur hom reguit na daai Witblits toe en nou moet ek regtig ophou want die meidjie staan en rondtrippel en netnou verander sy van plan.

Onthou Ampie daar wag bemindes in die hemel en ons sal rekenskap moet gee jongie.

Jou seer beproefde Annekie

4. <u>Rit deur die Lang Karoo</u>

Eendagbooi blom langs die pad
met pers en purper tuite;
roep name uit oor die Karoo;
dring pynskerp deur my ruite.

Waar is Bieblebom se berge
en waar die Kamdeboo?
die ronde, ronde kommetjie;
Marico se mooi blommetjie?

Fluister by Lusikisiki
die riete teen mekaar?
Hoe galsterig in hierdie son
is Sout- en Droogteputs vanjaar?

Eendagmooi wil dadelik weet
(sy dag is haas vervloë)
oor vlaktes tyd in die Karoo
Toets hy my raaivermoë.

Waar is Bieblebom se berge
en waar die Kamdeboo?
die ronde, ronde kommetjie;
Marico se mooi blommetjie?

Waar begin, in watter berge,
die Sonderendrivier?
móét tog end kry in 'n ander
of reguit see te stuur?

"Gaan jy nog eendag alles sien?"
kom uit 'n moeë kelk.
Dan word dit aand oor die Karoo;
'n blomtuit hang verwelk.

5. __Hierdie hande__

('n Stasieboemelaar praat my sy weldoener)

A, dié stukke vis sal magic wees, uncle. En ook die koffie. Soos die vroutjie in Welkom gesê het: Die Here slaap nie altyd nie. Sal uncle mind as ons buitekant gaan sit? Al die mense op die stasie, nè? En ek met my pap bek, vernaam as ek eet. Ek het my plaat op Beaufort-Wes gebreek. Sit nog so my tande en was onder 'n kraan, toe plaat die poliesman reg agter my, en daar laat val ek die tande op die sement van skrik. Want ek en die Boere is nie maats nie. Sluit my mos vir vier dae op vir vagrancy. Vagrancy, bid jou aan. Dis hoe dit my sewentien dae van Pretoria af gevat het tot hier in die Kaap. Sewentien blêddie dae. Moet 'n rekord wees: haha. Maar van die tande, uncle, moenie worry nie. As ek dental fixture het, maak ek dit sommer self reg. Ek het mos hierdie paar hande. Maar eers moet ek weer 'n job kry. 'n Blêddie nice job gehad, in Pretoria, security by 'n mental hospital. Wat in my lyn is. Ek was mos eers 'n ~~amel~~ male nurse. Ja, sewentien blêddie dae. Lang ente gestap, uit pure moedeloosheid. Uncle moet my voete sien..O.K., O.K., later. Net sulke blase. Soos halfkrone. Ek promise uncle. Altyd in die nag geloop. Want in die Karooson. (Heftig.) "Retrenchment". Uncle, dis 'n kak woord: "retrenchment". Vandag is jy iets, môre is jy niks. Want vandag het jy iets, en môre het jy niks. Dis hoe retrenchment werk. Daar dank hulle toe almal af wat die laaste twee jaar aangestel is. Maar die voorman het my darem 'n blêddie nice getuigskrif gegee. So, ek sal nie lank op die outers wees nie. Wag, ek wys vir uncle. Vagrancy! Watter vagrant loop met 'n I.D. en sy papiere, vra ek vir die Boere. Hierso, uncle. En kyk, hier's my Bybel: swaar maar handig. Die vroutjie op Welkom het hom vir my gegee. En 'n paar toebroodjies ook met peanut butter en marmite. Dis sy wat alles so onderstreep het. Met groen en rooi. Die rooi gedeeltes kan ek gerus twee maal lees, sê sy. Wat ek ook gedoen het. 'n Man het baie tyd, uncle, as jy onder die enigste peperboom in die Karoo staan en wag. En my laaste R10 gaan toe vir 'n fine. Mag nie op 'n freeway hike nie, sien. En nou kom ek by my storie: hoe ek

lyk soos ek lyk. En uncle hoef my nie te glo nie, maar dis God's truth. Kyk, ek sweer op die Bybel. Ek vat altyd die Bybel as ek loop werk soek, uncle. 'n Tip wat ek by 'n ou hand gekry het. Pak jou Bybel uit as jy na jou papiere soek. Draai hom na die Boss se kant toe dat hy duidelik kan lees: Die Bybel. Sien, ek en 'n ander ou wat afgedank is, hy't 'n 1976-Volvo, ons scheme toe, as ons saamry, en die petrolgeld deel. Want die een hand was die ander. In Johannesburg gooi hy petrol in en ek skiet gou deur toilet toe, want die vorige nag - ek sal eerlik wees met uncle - die vorige nag het ons 'n paar kappe gemaak. Maar dankdiehere vat ek dié sak saam met my. Want jou I.D. is jou siel, uncle. Veral as jy op die pad is. En toe ek uitkom, weg is die Volvo, weg is die ou wat ek gedink het is my tjommie, weg my spaargeld, weg my klere, weg my transistor - alles. (Begin saggies huil). Ekskuus, my uncle, ekskuus. Maar daar kom tye dat 'n man breek. (Snuif.) Maar ek het nog hierdie hande. Vol knoppe en eelte, maar sterk, voel so. (Amper desperaat.) En ek sál weer 'n job kry. Soos die vroutjie op Welkom gesê het: as die een deur toegaan, gaan 'n ander oop. Al moet 'n man hom ook oopskop of oopbreek. Wàt, my hand? Om te? Is uncle dan 'n furtune teller? (Glimlag slu, met 'n houding van: "O, een van dáárdie soort.") Wag, dan, dat ek net die olie afvee. Só. Wát! (Amper kwaad). 'n Lang lewenslyn! Magtag, uncle, wat wil ek met 'n lang lewe maak? Want hande raak ook oud, uncle, hulle verloor hulle grip. Vir my soort moet die dood tog net kom voor die hande oud word. Want dis al wat ek oorhet, uncle: hierdie hande.

Die BOEMELAAR kom vorentoe tot vlak voor die gehoor, met sy hande, palms na bo, na die gehoor uitgestrek. Die res van die GESELSKAP kom uit die skaduwees vorentoe, eweneens met uitgestrekte hande. Die BOEMELAAR sing eers alleen, en dan val die GESELSKAP by hom in met

## 6. Die werke van ons hande

Die werke van ons hande,
ag, seën U dit, o Heer -
maar as daar nie meer werk is
kan hande nie probeer.

Die skulpe van ons hande
is wonderbaar, o Heer -
maar as daar nie meer werk is
sal honger hul verteer.

Dan word ons beide hande
'n aalmoesbak, o Heer -
en dit was nie u plan nie:
dat ons op ander teer.

Of erger nog: ons hande -
behoed ons daarteen, Heer -
kan klemme om 'n keel word
van dié wat nie ontbeer.

Die werke vir ons hande,
voorsien dit tog, o Heer -
U is die groot verskaffer
wat werk en loon beheer

## 7. Kaal en naak

Gade: Dan is "kaal" en "naak" mos twee totaal verskillende begrippe, prof. M.C.?

M.C.: Juis.

Gade: Laat ek nou weer sien: as 'n model voor kunsstudente staan, is hy ....

M.C.: ...... of sy ......

Gade: .. ... of sy, "naak", want hulle is opgeneem in 'n akademiese verband.

M.C.: Dit klop

Gade: As jy bloot in jou verbeelding rondhol op Sandy Bay, is jy "kaal", want dan is jy buite akademiese verband?

M.C.: Reg; maar nie noodwendig buite literêre verband nie.

Gade: Want prosa in ons tyd raak al meer gestroop.

M.C.: Gevolglik?

Gade: Is "kaal" 'n geldige term én lewenshouding binne die letterkunde.

M.C.: Gevolgtrekking nommer twee?

Gade: Letterkunde is nie kuns nie.

M.C.: En?

Gade: Letterkunde is nie akademies nie.

M.C.: (streel Gade vryerig oor die kop): Ons vorder, my poppie, ons vorder.

Gade (frons): Tog, professor M.C., is dinge nog nie vir my glashelder nie. Sê nou daar gaan prikkeling uit van 'n jong model voor 'n kunsklas?

M.C.: Dan kry ons nog steeds kuns. Erotiese kuns, as jy wil. Maar laat ek dadelik byvoeg: daar lê 'n Rooi See tussen Erotiese Kuns en Pornografie.

Gade: Die Formulier leer ons: "vermy ook die skyn van die kwaad". Sal dit nie veiliger wees om afgetakelde modelle te gebruik nie?

M.C.: Nou: "afgetakelde" is 'n baie sterk woord en op metafisiese grondslag aanvegbaar. Laat ons van "beleënheid" praat.

Gade: "Beleënhied". Ruik dit?

M.C.: Nie noodwendig nie. Dis meer ... hoe sal ek nou sê? ... dis meer 'n "aura".

Gade: 'n Laaste vraag, professor. As 'n kunsternaar nou op Sandy Bay tussen die rotse sit en teken, en van lewende modelle af werk, is dié modelle "naak" of "kaal"?

M.C.: Dit, my skatjie, sal van selfdissipline afhang.

8. Naak is die mens gebore

Nà beur teen wind en duine
'n strand se bloots dekreet:
die waarheid ken geen windsels
erken geen lendekleed

Klee jou in soet gedagtes
'n oorring of 'n bril
wat bykom raak ondraaglik
en strem die goeie wil

Die waarheid is rondborstig
ontboesem sonder vrees
(maar bulte sonder wering
kan bra gevoelig wees)

Klee jou in soet gedagtes
'n oorring of 'n bril
wat bykom raak ondraaglik
en strem die goeie wil

Die son, gesoute minnaar,
vertroetel jonk en oud -
ook die wat werlik bruin is
betaal nie vir hul fout

Klee jou in soet gedagtes
'n oorring of 'n bril
wat bykoms raak ondraaglik
en strem die goeie wil

Wat swambleek was raak bronstig -
verbleiktes het onthou:
té blank is onbesonne,
kan kleurverhoudings knou

Klee jou in soet gedagtes
'n oorring of 'n bril
wat bykom raak ondraaglik
en strem die goeie wil

9. Mabel en Daisy

Twee stokou tantetjies, oorversier, met sigarethouers, lae halslyne en hoëhakskoene, kom al pratende op die verhoog. Hulle is op pad na twee hoë kroegstoeltjies.)

Mabel: Nee, my skat, moet jou nie oor Jana bekommer nie. Die duiwel sorg vir sy kinders. Sy sal altyd weer "surface".

Daisy: Wel, as sy kan, dan kan ons. (Steek vas by stoeltjie.) O, ek weet nie hiervan nie. (Sy kyk na die stoel of dit 'n onoorkomelike Alpepiek is.)

Mabel (skril): Herr Ober!

('n Mooi maar diaboliese kelner verskyn.)

Kelner: Madame?

Mabel: Ek en my vriendin wil in die saal gehelp wees. (Knipoog obseen.)

Kelner: Moment (Vinnig af, en gou terug met 'n kassie)

(Nou volg 'n "slapstick"-toneel: die tantetjies se stryd om op die hoë stoeltjies te kom. Dit gaan met gilletjies en hilariteit gepaard. Die Kelner bied die holte van 'n handpalm, soos vroeër die gebruik was toe dames in die saal gehelp is. Eenmaal op die stoeltjies, en in posisie gestoor deur die Kelner, raak die tantetjies koket. Hulle haal hul waaiers uit en waai hulle met gesinchroniseerde bewegings koel.)

Kelner: Wat sal dit vandag wees, dames? Bloody Mary? John Collins?

Mabel en Daisy: Jangroentjie on the rocks!

(Kelner af)

Mabel: Is hy mooi!

Daisy: Ag, darling, ek ruik skaars nog dat hulle man is. Met my ou oë ....

Mabel: Onsin! Jy lyk nie 'n dag ouer sedert ...

Daisy: Hoe kan dit ook? Ek het my grens bereik.

Mabel: Ons voel nog jonk, en dis belangrik. Ek moet jou sê, vir my het alles ook maar wasig geword.

Daisy: Jy vry in die bondel
en tas in die niet
en gryp wat die lewe
as afskeid jou bied!

(Kelner op met lang glase pepermentlikeur)

Kelner: Sal dit al wees?

Mabel en Daisy (bekyk Kelner met skaamtelose wellus): Voorlopig.

(Kelner af)

Mabel: Hy ruik oraait.

Daisy: Brut?

Mabel: Old Spice?

Mabel en Daisy: En ongetwyfeld bokram!

Mabel (neem 'n diep teug van haar drankie): Daisy, ek het 'n groot skandaal om van my bors af te kry.

Daisy: Spin it, me dear!

Mabel: Ken jy die nuwe bar daar onder in Loopstraat? "The Peeping Tom" heisst es ...

Daisy (geaffronteerd): En jy vertel my nou eers ...

Mabel: Shasta, my daisy, ek is ouer as jy, en moet 'n plek eers uittoets ... Nie piss elegant nie, met al die seafood wat van die hawe af ingeswalk kom. Any old how, daar sit ek toe verlede Saterdag, toe hierdie bliss nommer inkom ...

Daisy (agterdogtig): Hoe kon jy sien?

Mabel: Hy't, met permissie gesê, by my verbygeskuur. Here, bid ek toe, neem my weg, en sommer nou. Beulah! Silwerblonde hare by 'n goue vel. Ek lieg nie vir jou nie: silwer-en-goud. En hy staan daar in sy vlootpak, met alles volmaak afgeteken.

Daisy: En hy laat maar toe dat jy hom beoog?

Mabel: Presies. Maar jy sal nog hoor hoekom. Ek sê vir myself: Sweetie pie, keep your cool. Dis 'n "trap" die, en sien dit vir wat dit is. In my hele lang lewe het ek nog nooit 'n mooi nommer met karakter ontmoet nie. Het jy?

Daisy: Have a heart, skattebol. 'n Mens kan nie èn mooi wees èn karakter wil hê nie!

Mabel: Hier kom my skande: ek het vir hom 'n drankie laat aanstuur. En toe kom hy na my toe. "Jy moet huis kry, Ouma," het hy gesê. "Jy moes al ure in die bed gewees het." Wreed? Ja en nee. Want sien jy, Shasta, my daisy, ek is sy ouma. Maar ek het hom nie herken nie, want sonder my bril of lense, en lekker getarra ... En dan sy nuwe pruik. Sy verdomde pruik!

(Die lig doof vinnig.)

10. <u>Die lewe is 'n Grenshotel</u>

Madame sit in Die Grenswag
'n manskap teen haar bors
sy koester sy vermoeidheid
sy nadrup en sy dors

Die lewe is 'n grenshotel
'n Volkebont, 'n bont bestel
bestel jou chips en drink jou gaar
jou toekoms is gerekenaar

Madame bestel 'n High Ball
(dit hou die vleesdrif hoog)
sy kyk na jong kanonvoer
wat saamdrom by die oog

Die lewe is 'n grenshotel
'n Volkebont, 'n bont bestel
bestel jou chips en drink jou gaar
jou toekoms is gerekenaar

Madame, versot op jong bloed,
vergeet skoon van haar óú
maar jonk of oud sterf eners
die slagveld is hul vrou

Die lewe is 'n grenshotel
'n Volkebont, 'n bont bestel
bestel jou chips en drink jou gaar
jou toekoms is gerekenaar

Madame grens oor die wete
haar hulpdiens is beperk:
want of hul bruin of wit is
hul dra die Kainsmerk

Die lewe is 'n grenshotel
'n Volkebont, 'n bont bestel
bestel jou chips en drink jou gaar
jou toekoms is gerekenaar

En drank en nag bring kennis
en almal haal die grens
die grens erken geen grense
alleen die hart se wens

Die lewe is 'n grenshotel
'n Volkebont, 'n bont bestel
bestel jou chips en drink jou gaar
jou toekoms is gerekenaar

11. <u>Lekker is 'n vinger lank</u>

Lekker is 'n vinger lank
- en soms 'n ietsie minder -
maar kortheid sal die soektog
na lekker nooit verhinder

want omdat hy so kort is,
'n voorsmaak van nog meer,
is lekker die diktator
wat menslikheid regeer.

Lekker is nooit nou nie,
bestaan bloot as onthou -
'n hoogs potente gister
wat toekomsdrome brou.

Is eendag dalk ons sterwe
'n fyndraai in die tyd
met lekker owervloedig
verewig en ál tyd?

Of moet hy sy kontras hê?
Lê hierin juis sy waarde?
Dan het ons, tussen swaarkry,
ons hemel reeds op aarde!

12. <u>'n Nar by sy huis</u>

(Verteller op die voorgrond; op die agtergrond, maar so geplaas dat die toeskouer deurentyd bewus is van hom, 'n vermoeide man, 'n doodgewone man in hempsmoue, kruisbande, voorskoot en flannel. Hy word op die rug gesien, 'n besem of stofsuier in sy hand.)

VERTELLER:

'n Nar by sy huis
lyk droewig ontuis

'n Nar wat ontspan
is nét maar 'n man

'n man met 'n van
soos enige man

want sirkusallure
verdwyn tussen mure

(Reeds op "sirkussallure" begin 'n suggestie van sirkusmusiek: ná "mure" groei trommelgeroffel soos voor 'n dramatiese aankondiging.)

VERTELLER (triomfantlik):

maar onder 'n koepel
met tromslag en hoepel

(Man op agtergrond gooi besem teatraal weg: keer flink om. Sy front is dié van 'n tradisionele sirkusnar. Hy buig vir applous wat aanswel en op "bekroning" (sien volgende koeplet) sluit.)

ontpop hy tot koning
applous sy bekroning

VERTELLER en NAR saam:

Verskuil agter witte
groei narre tot ditte;

in sirkusdimensie
is narre nie mens nie:

gepruikte spektakels
ontsekste orakels

verlos van emosies
- morele erosies! -

want neutraliteite
ken spyt nòg verwyte

VERTELLER:

maar sonder versinsel
van verf of vertinsel

(Nar draai hom droewig weg op "sonder": tipiese sirkusmimiek. Musiek raak tráer. Nar word weer op sy rug gesien - 'n doodgewone man met 'n besem.)

word narre weer mense
gestrem deur hul grense

'n Nar by sy huis
lyk droewig ontuis

'n Koning verban
is nét maar 'n man

## 13. Die groot wedstryd

Die Volksmoeder, met grys kappie en grys rok, lyk en sit presies soos Van Wouw se moederfiguur by die Vrouemonument. Sy is op 'n hoër vlak as verhoogvlak, wat die standbeeldagtige van haar voorkoms versterk. Naby haar hurk Petrus Bantjies. Albei kyk stip na 'n TV-stel in die vorm van die Voortrekkermonument. 'n Horlosie slaan vier noodlotslae.

VOLKSMOEDER (grandioos): Draai oop die Ding! (Petrus skarrel soos 'n diertjie na die TV-stel en "draai oop".) Nie so hard nie. Die Ding vreet geld!

KOMMENTATROR: ... en dan is daar die nuweling, linkervleuel Adonis Bergstedt, wat vandag vir die eerste keer op die veld draf vir Suid-Afrika.

VOLKSMOEDER ("dirigeer"): Sagter, sagter ... (Kommentaar word gedoof.) Is daar dan so min van ons Boerenasie oor dat ons vandag ... (haar stem slaan deur) ... dat ons ... dat ons 'n skepsel ... (Sy bedek haar gesig met haar hande.)

BANTJIES (opreg simpatiek): Daar's darem baie melk by sy koffie, my Ounooi. Olé, sê hulle, of hoe?

VOLKSMOEDER: Wee hulle wat die room en die moer verenig! Toe, wat sê die Ding?

(Bantjies stel aan die Ding)

KOMMENTATOR: ... en ons moenie vergeet dat die Leeus hul ou staatmakers, Kitchener en Methuen, saamgebring het nie. Hulle is nog vegfiks en beloof ...

VOLKSMOEDER: Maak stil die Ding, Petrus, voor ek my siel ontheilig! Sê Samma moet vir my koffie gooi!

BANTJIES: Samma-a! Gooi daar koffie!

VOLKSMOEDER (verontwaardig): Sie jy in die huis sit en skrou! Lig jou gat en loop sê ...

(Samma, wat haar bynaam ten volle verdien, onmiddellik op toneel met koffie - 'n beker vir Petrus, 'n kommetjie vir Ounooi.)

SAMMA: Nou kry ek sommer kans, Ounooi. Baas van Riebeeck se klong is hier. Hy sê die Oubaas het tou opgegooi.

VOLKSMOEDER: Hoe dan so?

SAMMA: Die sedoos, sê die Oubaas, waai toe so vinnig soos hy plant.

VOLKSMOEDER: Hy moet die wind voorkeer, met hakea of Port Jackson.

SAMMA: Goed, Ounooi, ek sal sê. (Samma treusel nog; vat hier en daar.) Ounooi?

VOLKSMOEDER: Wat is dit nou weer, Samma?

SAMMA: Hoekom trek die Oubaas dan so snaaks aan? En die toutjieshare!

VOLKSMOEDER: Samma, jy raak te hans! Hy mag wel Hollands wees, maar hy's nog altyd wit. Toe, jou werk staan stil. Petrus! (Beduie na Ding.)

KOMMENTATOR: ... pypkan vir Krüger, en trek soos 'n vetgesmeerde blits by Reitz verby. Net Burgers kan hom keer. Hy gryp met daardie hamme van hom, gryp mis, en die Leeu is verby en gaan druk die eier reg onder die pale. Dit het alles te vinnig vir woorde gebeur, dames en here ... 'n pragdrie deur die Leeus, en dit binne die eerste vyf minute van die wedstryd. Nou vir die vervyfskop wat deur Colenso waargeneem gaan word. Hy stel die bal ... nee, hy's nog nie tevrede nie, hy stel hom weer ... hy staan terug, hy skop ... en dis oor! 5-0 in die guns van die Leeus!

VOLKSMOEDER: Ag, Heiland, wat ramp ons hier nog wag! (Samma loer om hoek.) Toe, wat's dit nou weer?

SAMMA: Ounooi, daar's 'n groot kommosie by die Sendingkerk.

VOLKSMOEDER: Petrus, sagter, ek kan myself nie hoor nie. (Petrus stel aan Ding.) Alweer? Hulle moet vir Philips op 'n skip sit, terug na die Ander Plek. En ook vir Joos te Blank.

SAMMA: Dis nie hulle nie, Ounooi. Dis baas Retief. Hy het pampiere teen die kerkdeur vasgespyker.

VOLKSMOEDER: Wat sê hy? Is daar iets in van segregasie?

PETRUS (opgewonde): Ounooi, ons moet weer aandraai! Ek sien lelike dinge aankom. Toe, nou, my Ounooi, los die skepsels uit en kom kyk!

SAMMA (snou na Petrus): Rank yt my yt, Petrus Bantjies!

PETRUS: En waar is jou maniere altemits? Loop tel hulle op, jou Soutrivierse geelbek!

SAMMA: Klierkop!

PETRUS: Boesnot!

SAMMA: Masbieker!

VOLKSMOEDER: Maar hou julle bekke! Het beskawing geen vat op julle nie? (Aan Samma) Ek vra weer: is daar iets in van segregasie?

SAMMA: Ek dink so, Ounooi. Hy ...

VOLKSMOEDER (kwaai): Sê weer?

SAMMA: Baas Retief praat van die vagebonde wat ons so treiter.

VOLKSMOEDER (tevrede): Dan het hy onthou. Loop nou, Samma, en moenie weer kom pla nie. Aan met die Ding, Petrus!

KOMMENTATOR: En nog 'n drie vir die Leeus, wat die telling op 8-0 te staan bring. Dis of die Springbokke pap in hul hande het. Adonis het pragtig uitgegee, maar Uys het die bal laat val ... Ons eerste kans op 'n drie só verbrou ... Dinge lyk lelik, dames en here, met nog net tien minute speeltyd oor in die eerste helfte van die wedstryd ...

PETRUS (tersyde): Pap, sê die Ding, stront sê ek. (Samma op)

SAMMA: Ounooi, hier's 'n vreemde baas op 'n perd. Die sout slaan op hulle uit.

VOLKSMOEDER: Sagter, Petrus! (Met een oog op televisiestel) Wat is sy naam?

SAMMA: Dick, sê hy Ounooi, Dick King.

VOLKSMOEDER: Hy's nie koning nie. Daar's maar een koning. Maar gee vir hom suiping en voer vir sy perd. Sit harder, Petrus!

KOMMENTATOR: ... 'n verbluffende skêrbeweging deur Adonis Bergstedt. Hy knip, dames en here, deur alle versperrings heen. 'n Drie, oplaas, vir die Springbokke!

PETRUS: Sien Ounooi nou? Ek het gesê daar's room in sy koffie!

VOLKSMOEDER: Stil, Petrus! Of bid saam met my dat die wind ... (Kreun.) Tevergeefs, alles tevergeefs ... Kan ons Boere dan nie meer skoppe uitdeel nie?

KOMMENTAROR: En so eindig die eerste helfte van hierdie westryd - 8-3 in die guns van die besoekers. Die ster onder die Springbokke is ongetwyfeld Adonis Bergstedt. Hierdie kêrel ...

VOLKSMOEDER: Draai af! (Petrus gehoorsaam onwillig.) Toe, toe, nie so harmansdrup nie! En gaan kyk wat op die werf aangaan.

(Petrus af, maar byna onmiddellik weer op)

PETRUS: Ounooi! Ounooi, die Groot Trek is nou net verby!

VOLKSMOEDER: Het hulle die hek agter hulle toegemaak? Sit aan, Petrus, sit aan, die stryd het weer begin!

KOMMENTATOR: ... en sommer 'n hele paar bloedneuse, aan albei kante. Die Leeus wil hul voorsprong behou, met mag en mening.

VOLKSMOEDER: Lafaards!

PETRUS: Ou meide!

VOLKSMOEDER: Die skeidsregter moet met 'n sambok onder hulle inspring!

PETRUS: Of met 'n leemetford!

VOLKSMOEDER: Nee, Petrus, nou gaan jy te ver. Dis nog 'n Christenland, onthou.

(Samma ontsteld op)

SAMMA: Die Boere-oorlog het uitgebreek.

VOLKSMOEDER: Ingelse Oorlog, Samma Stertse! Dis die Ingelse wat weer die ding begin het. Ons moet bak en slag, my ou voorslag, vir die Boere in die veld. Maar eers ... (Wuif Samma weg.)

KOMMENTATOR: 'n Strafskop aan die Springbokke! 'n Mens wou net begin glo daar's gaan reg of geregtigheid meer oor nie. Dit lyk of ... ja, Adonis Bergstedt gaan dit waarneem.

PETRUS: Ai, tog, die klong moenie staan en skande maak nie.

VOLKSMOEDER: Daar trek hoeka 'n windjie. Kyk die pampiere daar agter die heining.

KOMMENTATOR: En dis oor! Hierdie kêrel Bergstedt, hierdie Adonis, verdien die dank van 'n volk. Dis nog nie verby met die Springbokke nie, maar as daar 'n wonder moet gebeur, dan moet hy bitter gou geskiede ...

(Samma op)

SAMMA: Die Rebellie ...

VOLKSMOEDER: Hou hom terug!

(Samma af)

KOMMENTATOR: En nou sien ons rugby uit die boonste rakke. Dis 'n titaniese stryd, dames en here. Daar word gesug en gesteun, geswoeg en ...

VOLKSMOEDER: Toe nou, dis genoeg!

(Samma op)

PETRUS: Loop nou, meid! Wat hênner jy ons so!

SAMMA: Die Nasionale Party is aan die bewind.

VOLKSMOEDER: Wat? Hiep-hiep-hoerê! (Ruk Petrus se arm met geweld op.)

PETRUS: Eina, Ounooi!

VOLKSMOEDER: Waar's jou maniere dan?

PETRUS (onwennig): Hiephiephorê.

VOLKSMOEDER: En jy, Samma?

SAMMA (lusteloos): Hiephiep-en-nog-'n-hiep.

KOMMENTATOR: Die telling, dames en here, soos die telbord u herinner, is 8-6 in die guns van die Vreemdelinge. En nou moet ons bid dat die meetsnoere vir ons in lieflike plekke gaan val.

VOLKSMOEDER: Harder, harder! En Petrus, bid vir ons volk. Alle bietjies help ...

KOMMENTATOR: ... en loop voor met 8 punte teen 6. Slegs drie minute speeltyd en 'n minuut of wat beseringstyd bly oor. Nou boer die Britte in die Springbokke se gebied en as die Bokke nie pasop nie, kom daar nog punte teen hulle. Die skrum sak vyf treë van die Springbokke se doellyn. De Wet moet ingooi. Hy doen dit. Die Leeus druk die Springbokke van die merkie af, maar tog kry Bergstedt die bal en skop dit op die kantlyn uit. Brown moet dit vir die Leeus ingooi. Obstropski rank hoog en vat die bal suiwer raak. Hy gee dit vir Krüger, van Krüger na Bergstedt. As hy daardie bal gaan uitskop, is alles verlore. Hy begin hardloop en jou waarlikwaar, hy ontduik flank Milner. Hy trek sy ore plat en daar gaan hy, al langs die kantlyn af! Hy is op die tientreëly, op die halflyn, op die kwartlyn! Die Engelse storm soos bulle van Basan op hom af, maar hy loop skoon uit hulle uit! Hy het nog net die heelagter voor! Dié duik sy voete onder hom uit, maar sy momentum dra hom oor die lyn! Die skare juig soos laas met die Ossewatrek! Wat gaan die skeidsregter doen? Ja: ja, hy ken die drie toe! Die speeltyd is vir altyd verby! Suid-Afrika loop 9-8 voor!

(Volksmoeder en Petrus omhels mekaar en dans verspot van vreugde. Samma af.)

SAMMA (histeries): Ounooi, die Republiek het geval!

VOLKSMOEDER: Was met wondwater en smeer roossalf aan.

SAMMA: Nie my Republiekie nie, Ounooi, óns Republiek. Dis Bloedrivier, my Ounooi. Die soldate is hier! Hulle ...

(Soldaat met masjiengeweer op. Geweerskote klink oral. Strobebeligting terwyl daar pandemomium op die verhoog uitbreek. Skielik stilte en normale beligting. Die Volksmoeder sit weer in die houding van die Van Wouwbeeld. Oor haar skoot gedrapeer, soos by die Van Wouwbeeld, 'n slap liggaam - die lyk van Petrus Bantjies. Sy voorkop is bebloed. Op die voorgrond lê die lyk van Samma Stertse.

14. <u>Die stank</u>

Die spreker is in sy veertigerjare. Hy het vuil jeans en 'n paar afgedraagde drafskoene aan en oor 'n T-hempie dar hy die baadjie van 'n eertydse pak klere. Hy sit op 'n bank in 'n park en gesels met 'n toevallige luisteraar.

BOEMELAAR: Nee, my ou maat, ek laat nie op my trap nie. Ek mag vandag op die outers wees, met net dié baadjie en broek aan my lyf, maar my trots het ek nog. Dink deesdae so dikwels aan my dierbare ou moeder en wat sy altyd gesê het. "My kind, jou inbors is jou erfenis," het sy gesê. "Hulle kan alles van jou afvat, maar as jy jou inbors het, is jy ryker as 'n koning." Dankie, ja, 'n dampie sal smaak, al is dit nie my brênd nie. Ek hou van dié dinge sterker. Wat kyk daardie dônner so vir ons ... Sal ek nie ...? O.K., O.K., dis my enigste fout: ek is te haastig. "Johnie," het my ou moeder gesê, "jy's 'n goeie seun, net te haastig. Tel eers tot tien voor jy 'n vuis maak." Daardie tyd was dit nog vuiste. Kyk só: twee ysterklippe, hè? En later was dit 'n mes. Wat ek sommer uitgepluk het. Ja, dis om van te skrik, hè, so 'n mes. Wag, laat ek die ding wegsit, daardie dônnerse houtkop sit hoeka weer en kyk. Ek hou van die gevoel van die ding teen my been. Soos 'n handdruk. Laat my veilig voel. En in Joeys moet 'n man maar uitkyk, veral in

die gate waar ek soms moet inkruip. En die soorte waarmee ek moet meng, nie oor ek wil nie, maar uit nood. Maar die Here slaap nie, daar sal beter dae vir my kom. Ek is goeie Afrikaner en 'n tere Christen, en ek stem reg, maar daar is twee dinge wat ek nie kan vat nie: 'n kaffer en 'n Engelsman. Ek het altyd gedink 'n Engelsman is die ergste, maar van die skepsels so hans raak, weet ek nie so mooi nie ... Meneer, ek wil jou nou 'n ding vertel. Ek is nie skaam om dit te vertel nie, maar laat dit maar tussen ons bly. Ek het al 'n hele paar bliksems gelem, in onlangs nog 'n fôkken kaffer. Hy't daarna gesoek, ek lê nie wakker oor die ding nie. Dit was laat in die nag, en ek het van die stasie se kant af gekom, kortpad deur daardie sunken gardens agter die stasie, op pad Hillbrow toe. En toe ek nog so loop, kom ek agter, maar iemand volg my. Ek kyk om. Hy gaan staan, en lag met 'n bek vol tande. "Fôk off," sê ek vir hom, en stap aan. Ek hét hom 'n kans gegee, jy moet toegee. Maar hy hou aan, al agter my aan, en hy speel met sy hande in sy broeksakke. Dit het my bloed laat kook. Ek stap by Joubertpark in, en om die Kunsgalery, en druk my teen die muur vas, in die skaduwee. En toe hy verbykom, vra ek: "Wat de bliksem wil jy van my hê? Wat loop jy agter my aan?" En hy lag met sy wit tande en sê: "It's a free country, I can do what I want." Stel jou voor, die fôkken vermetelheid. En ek sê: "Dis hier waar jy jou fout maak, jou dônnerse houtkop. Jy trap op my skaduwee en dis my blêddie skaduwee en hy kry seer: vat só!: En ek lem hom, eers in die een arm, toe in die ander, en elke keer in die boarm, in die biltonge, om hom lam te maak, en toe steek ek hom in die maag, in, in die maag, tot teen die hef; en toe draai ek die mes nog 'n slag. Ek laat hom net daar lê, en stap Hillbrow toe, en gaan soek iets vir my nerves in die Skyline. En toe ek die mes uithaal om my naels skoon te maak, God, wat sal ek sien? Daar is nog bloed en stront aan my mes. En die stront stink. Ek het die ding gaan was, maar die stank het gebly. By die huis het ek hom met Vim geskuur en ek het hom op 'n

hot plate gekook. Ek het hom in Dettol laat lê, dae lank. En hy bly stink. Hy stink op hierdie blêddie oomblik: dè, ruik! Ek sal hom moet weggooi, en 'n nuwe koop, wat my die moer in maak, want ek en dié mes het 'n lang ent saamgekom. As ek daardie kaffer nóú kry, steek ek hom wragtag nog 'n slag dood.

15. <u>Die lied van die Security Boys</u>

Ons, ons
die Security Boys
by voorbaat gebên
uit die Upper Clas joys
soos Varsity Jobs
en Wit Politiek -
is die waghonde snags
van die Groot Republiek

Ons, ons
die Security Boys
deur velkleur kondêm
of deur min onderwys
is uitskot maar man
solank ons maar tick
as die waghonde snags
van die Groot Republiek

Ons, ons
die Security Boys
met dagga en cane
en gewere as toys
sal waak oor die slaap
van Radical Chic
in die donkerte snags
van die Groot Republiek

Ons, ons
die Security Boys
sal voorbokke wees
as die People rejoice
en Varsity Jobs
en Bont Politiek
na die waghonde kom
van die Ou Republiek

17. <u>Waar's my dae, waar's my dinge</u>

Waar's my dae, waar's my dinge?
O, Boerneef, Boerneef, waar is jy?
Jou Kro-plaas wyk die wydtes in -
was alles net 'n hersenskim?
O, Boerneef, Boerneef, waar is jy?

Die platdakhuisie in die leegte
was wit gekalk vir die seisoen
sy tafelblad en geel komfoor
tot lewe en tot glans geboen.
En buite waar die skerm staan,
die doringhout se binnevuur:
het ek gedink dat kole dan
vir al my jare sou bly duur?

Waar's my dae, waar's my dinge?
O, Boerneef, Boerneef, waar is jy?
Jou Kro-plaas wyk die wydtes in -
was alles net 'n hersenskim?
O, Boerneef, Boerneef, waar is jy?

Die platdakhuisie in die leegte
sy puts en perskeboord
is alles weg - en wie is skuldig?
Verlatenheid lyk net soos moord.
Die skermmure lê nou om
vir altyd weg die doringvuur:
het ek gedink dat kole dan
vir al my jare sou bly duur

Waar's my dae, waar's my dinge
O, Boerneef, Boerneef, waar is jy?
Jou Boplaas wyk die wydtes in -
was alles net 'n hersenskim?
O, Boerneef, Boerneef, waar is jy?

18. Liewer minder as meer

*'n Ooropgemaakte vrou met 'n maskeragtige gesig kom haastig op die verhoog, op die gelui van die telefoon af; sy neem die gehoorbuis gretig op.*

VROU *(met 'n diep stem)* Hello ...?

VRIENDIN Met Marcia

VROU O, jy Marcia?

VRIENDIN Hoe klink jy so teleurgesteld

VROU Eerlik gesê, já.

VRIENDIN In dié geval ...

VROU Kom nou, moenie aanstoot neem nie ... Twee ou strydrosse soos ons ... Jy onthou mos vir Zarah Leander: "Nachts ging das Telefon ..."

VRIENDIN *(glimlag teen haar sin)* En as dit nou Waldemar is ...

VROU En dan is dit *nie* Waldemar nie. (*(Lag hardop, maar skielik is die grap nie meer snaaks nie.)* Of altyd maar weer Waldemar ... *(Heftig)* Maar as hulle eers na ouman begin ruik, moet die Waldemars van dié wêreld maar hul koffertjies pak ...

VRIENDIN Wat's dit met jou? Is jy ongelukkig?

VROU Kyk, Marcia, oor geluk bekommer ek my nie. Dis 'n ding wat net in woordeboeke staan. Ek gaan Gym toe, en na my homeopaat, en ek volg die Beverly Hills-dieet. En dis vir my genoeg.

VRIENDIN Geen illusies oor nie?

VROU O, nee - ek het hulle net uitgedun. Ek hou 'n paar aan wat my goed pas ...

VRIENDIN (*ligtelik spottend*) Soos grimering.

VROU Ja, grimering is een. 'n Mens kan ver kom met vandag se grimeerfoefies ...

VRIENDIN Wat? Poefies?!

VROU Foefies, Marcia, foefies! Lyk my Afrikaans groei onder jou uit ... Waar was ek? 'n Mens wil illusies skep vir die relevante seks, 'n blom bly vir die regte by ... A

nice line, nè Marci? Ek moet dit tog onthou ... Het jy tyd, dan vertel ek jou my jongste storie oor illusies?

VRIENDIN Ek wou jou eintlik iets vra ...

VROU Dan hét jy tyd. Wag, ek steek net 'n sigaret aan. (*Steek sigaret aan*) Van tyd gepraat, ek dink nou net aan 'n familiegrap, van my tant Maraaia wat vir die eerste keer in Johannesburg kom ...

VRIENDIN Ek dink ...

VROU ... en dit was op die stasie, en daar's niemand om haar af te haal nie, en sy't nie 'n horlosie nie, en sy sien die ou daar staan, en sy vra paniekerig: "Meneer, het jy die tyd?" En weet jy wat antwoord hy haar toe? "Ek het nie die tyd en ook nie die lus nie." (*Lag uitbundig; verstuk in haar sigaretrook en hoes rou)*

VRIENDIN Veronica, rook jy dan weer?

VROU (*ignoreer vraag)* Verbeel jou, nie lus nie ...

VRIENDIN (*effens geïrriteerd*) Wat van jou eintlike storie?

VROU (*dink na*) O, my eintlike storie?

VRIENDIN Dit het jy van afdwaal, Veronica.

VROU Ek dwaal nooit af nie, Marcia. Ek stuur doodgewoon met ompaaie op my doel af.

VRIENDIN Nou stuur 'n bietjie vinniger.

VROU (*vies*) Jy kan tog so prosaïs wees, Marcia. Maar goed, hier kom hy. Dit was in die Café Wien, en ek het my met een koppie koffie na die ander probeer troos ...

VRIENDIN Koffie? Dit moes voor tien gewees het.

VROU Skei uit!

VRIENDIN En laat ek nou sien: jy het oor Philip getreur.

VROU Oor Jacques. Sy dood het my tog geruk. En skaars twee-en-dertig. Ons was vyf jaar saam, aan en af, en daar was goeie tye ook. En as bedgerief ... (*Lag laag en suggestief*) Wel, ek sit nog so in die Café Wien toe hierdie hemelse nommer oorkant my kom sit, Nordies en blond, met dáárdie soort blou oë ...

VRIENDIN (*spottend*) ... wat in jou siel inkyk ...

VROU Ja, ja, jy's reg, wat in jou siel inkyk ...

VRIENDIN ...maar húlle siel bly verborge ...

VROU (*agterdogtig*) Hoe weet jy?

VRIENDIN Ek ken jóú.

VROU (*frons*) Wel, ek sal 'n lang en mooi storie kort maak omdat jy niks beters verdien nie, Marcia!

VRIENDIN Ag, kom nou, ek speel sommer.

VROU (*nog altyd gesteurd*) Vibes en all that jazz, reg van die begin af. Ons bewe voor mekaar soos twee renperde. (*Skielik woedend*) Maar dit was helder oordag, ek het in die volle lig gesit ...

VRIENDIN Die Wien is 'n bietjie ...

VROU Hy moet tóg gesien het! Die lampies op die tafels.

VRIENDIN Wat gesien het? Ek verstaan nie.

VROU Toemaar, jy sal nou-nou verstaan. Hy het opgestaan, na my gekom, sy hand na my uitgesteek ... Nes in die advertensies, Marcia, met sagte fokus en al, en op die agtergrond die Elvira Madigan-musiek. (*Neurie die musiek*) Ons is na sy plek toe. Art Deco all the way. Piss elegant. En hy stuur my by al die collector's pieces verby sonder dat ek behoorlik kan kyk en uitvra, en na 'n bed so groot soos 'n oseaan, met baie lampe in die kamer, en 'n spieël teen die plafon. En hy druk hom teen my aan, en begin my uittrek, en "Gott im Himmel", skree hy, "Gott im Himmel, jy's dan 'n vrou!" En ek neem my pels-jakkie op, soos 'n kruis, en loop daar weg met die bietjie waardigheid wat ek nog oorhet. En daarom, Marcia grimeer ek nou versigtiger, en as ek jou raad verskuldig is, moet jy ook ...

VRIENDIN *kap gehoorstuk op mik neer.*

VROU (*kyk verbaas na haar gehoorbuis en vra aan gehoor*) Het ek dan nou iets verkeerds gesê *(Sit gehoorbuis neer)*

19. <u>Treurlied vir 'n vroetelpappie</u>

Alles mag haar vroetepappie,
net vroetel mag hy nie,
want vroetelry vind sy vulgêr -
dus: vroetel mag hy nie.

Hy mag haar saamneem na New York,
Beiroet of die Bahamas:
maar ook op reis slaap hul alleen,
verseël in duur pajamas.

Hy laat haar klee deur Pierre Balmain
of ander van die Jet Set -
maar as dit by ontkleding kom,
hoort sy aan die belet-set.

Alles mag haar vroetelpappie,
net vroetel mag hy nie,
want vroetelry vind sy vulgêr -
dus: vroetel mag hy nie.

Sy sal hom op die voorkop soen
as dank vir pels of pêrels -
haar lippe laat 'n purper wond:
só stempel sy haar kêrels -

Maar durf hy net 'n hand uitsteek
na bolle vrugte, yl verskans,
hou sy hom teë, pleit sensueel:
"Ag, wees tog nie soos ander mans!"

Alles mag haar vroetelpappie,
net vroetel mag hy nie,
want vroetelry vind sy vulgêr -
dus: vroetel mag hy nie.

Ook vroetepappies ken frustrasie,
die pyn van selfverloëning;
wie offer, wil genade vind -
die hoogste: lyfbeloning

En toe hy haar verstrengel vind -
en moedernaak - met sy chauffeur,
het hy gekorrel, toe gevuur:
die einde van 'n dwang-terreur.

Die speurders kry hom doenig tuis,
drie slette op sy kerfstok;
en toe hy gaan, het een gehuil -
'n blonde in 'n borsrok.

Alles kon haar vroetelpappie,
net vroetel mag hy nie,
want vroetelry het haar mishaag
en vroetel mag hy nie ...

20. **Muurblomme**

*MYRTLE en MAVIS is twee verrinneweerde lewensgenieters wat so stadigaan uitgestoor begin raak op partytjies. Hul poging tot ewige jeugdigheid - strikkies en lintjies, soos die van twee debutante - beklemtoon hul jare, en skrik af eerder as wat dit aantrek. En daarom sit hulle nou waar hulle sit: langs tafeltjies vol drankglase en asbakke. Hulle oë volg die dansers, terwyl jaloesie, selfbejammering, nydigheid en ander negatiewe emosies oor hul gesigte flikker. Die pianis speel "Paper Doll". Die musiek hou op, en albei trek haastig hul skoene aan, wat hulle vroeër vanweë geswelde voete uitgeskop het.*

MAVIS Wel, dit was net betyds!
(MAVIS en MYRTLE stamp aan mekaar en giggel onbehoorlik)

MYRTLE Het jy gesien hoe hang sy aan hom?

MAVIS Nes 'n vink. En hy, foeitog, ook maar 'n wankele riet.

MYRTLE Nou's jy sommer bitchy, Mavis. Ek sien hom elke dag as hy Gym toe gaan. Altyd aan die draf, met net sulke kuite. 'n Mooi man, én nog sterk en gesond ook ...

MAVIS Mooi, dit stry ek nie. En hy mog sterk kuite hê, maar hoe sal ek weet? Ek spioen nie op hom nie.

MYRTLE (wil-wil haar vererg, maar haar nuuskierigheid kry die oorhand) Mavis, wat steek jy vir my weg?

MAVIS I'm not at liberty to speak.

MYRTLE Mavis, het ek al ooit ...? (Raak verleë)

MAVIS O, ja, jy het.

MYRTLE Ek weet, ek weet, maar dit was twee jaar gelede. En hoe kon ek weet dat Beulah ... Mavis, ek het oor en oor gesê hoe bitter jammer ek is ...

MAVIS En ek het jou oor en oor gewaarsku teen Beulah, wat 'n kwaadspreker en gifbek sy is ...

MYRTLE Goed, as dit jou houding is. (Soek 'n sigaret in haar handsak, en rook op haar eie, maar sy kan haar afsydigheid nie lank volhou nie) Mavis, gou, kyk daar! Ek glo dit nie! Sy het haar tong in sy oor!

MAVIS (trek haar oë op skrefies, want sy is baie bysiende) Is dit? Ek kan nie mooi sien nie. Miskien fluister sy maar net?

MYRTLE (onwillig) Ja, miskien. En wat fluister sy?

MAVIS O, ek weet dit al: "Jy is die beste ding wat nog met my gebeur het".

MYRTLE en MAVIS lag vreugdeloos.

MYRTLE Ja, dis wat sy altyd sê. Hoeveel keer al die seisoen, wonder ek.

MAVIS (tel) Daar was Mark, daar was Leicester, daar was ... ('n Pynlike trek kom op MAVIS se gesig)

MYRTLE (onsensitief) En daar was John ...

MAVIS Myrtle, dit was nie in goeie smaak nie.

MYRTLE Jammer, Mavis, dit het uitgeglip ...

MAVIS Dis die moeilikheid met jou, sien. Die uitglippery. Nou weet ek rêrig nie of ek ...

MYRTLE O, jy kan, Mavis. Ek sweer op die Bybel: hierdie lippe sal geseël bly.

MAVIS Nou ja, teen my beterwete. Die meisietjie wat by dr. Melzer werk - maar Myrtle, jy beloof, nè? - wel, sy sê hulle het sy oumansklier uitgehaal!

MYRTLE (ontsteld) Wie s'n?

MAVIS (beduie met haar kop) Syne. Daar oorkant. Jou vriend van die Gym.

MYRTLE (oorstuur) So wát? En hy's nie oud nie, hoor!

MAVIS Sy prostaat, mens. Gevrees vir kanker, en so aan.

MYRTLE (verpletter) En word hy nog ...? Ek bedoel, kan hy nog? (Fluister in MAVIS se oor)

MAVIS O, ja. Of so sê die meisietjie by Melzer. Maar nou is hy 'n sportmodel.

MYRTLE 'n Wat?

MAVIS Nou's hy veilig

MYRTLE En dis wat daardie skepsel natuurlik weet, en daarom. Daar begin die musiek ... Sal sy hom dié keer? ... Nee ... Nee, sy sleep hom publiek vloer toe. Myrtle, iemand is op pad! Sal dit ek of jy wees?

Hinkgeluid op agtergrond

MAVIS (grawe na haar bril) Mank Dawie! Dit kon ek sonder my bril gesien het.

(Oordrewe hinkgeluid kom al nader)

MYRTLE Ek gaan sê my kop is seer.

MAVIS Maar dis wat ek wou gesê het!

MYRTLE Dink aan iets anders!

MAVIS Hy't laas met sy opgeboude skoen op my eelt gaan staan. Ek dog ek gaan in 'n koma in ...

(Hinkgeluid kom abrup tot stilstand. MAVIS en MYRTLE kyk op na 'n onsigbare DAWIE)

MYRTLE Jammer, Dawie, my kop voel of dit wil bars. Ek het al drie Syndols gedrink, maar dit help nie.

MAVIS Jammer, Dawie, ek het drie tone verstuit, nou kyk ek maar net. (DAWIE wag op 'n verduideliking, en MAVIS raak al hoe skuldiger.) Ek... ek... het 'n muis gejaag. Met 'n graaf.

DAWIE se hinkgeluid word al hoe dowwer en sterf weg. MAVIS en MYRTLE kyk hom met ingehoue lag agterna. Wanneer hy op 'n veilige afstand is, bars hulle soos skoolkinders uit van die lag. Hul vrolikheid is van korte duur, want hul muurblom-bestaan dring tot hulle deur. Moroos sit hulle na die musiek en luister: "Beautiful, Beautiful brown eyes ..."

MAVIS Raai, ek hou nie van bruin oë nie ...

MYRTLE Mavis, jy trap op my siel!

MAVIS Myrtle, laat ek sien? (Kyk in MYRTLE se oë) Nee, mens dis nie wat ek bruin noem nie. Dis hazel. Met sulke pragtige goue vlekkies ... Nee, ek praat van háár soort bruin oë. Sulke dooie bruin oë, soos koffiebone ...

MYRTLE Kyk, daar, haar hand op sy boud! As dit nie vrypostig is nie! There ought to be a law!

MAVIS (pluk haar bril uit) Wáár?

MYRTLE Jy't dit gemis, hulle's om die draai. (Opgewonde) Hoe lank gaan daai Jissebel nog hier bly?

MAVIS She's here to stay, my love. En sy't jeug aan haar kant.

MYRTLE (gemaak dom) Jig?

MAVIS (skree woedend) Jeug! Jeug! Jeug!

MYRTLE Stadig, Mavis, die mense kyk na ons.

MAVIS Nou lááát hulle dan ... (Nukkerig pouse) Jy moes ook nie van jig staan en praat nie. (Skink vir haar nog 'n dop) As ek in die more opstaan, ek kan hierdie twee hande nie oopkry nie. Ek moet hulle in die kookwater hou, en dan, as hulle rooi is soos krewe, dan begin hulle eers roer ...

MYRTLE Soos krewe, ja ...

MAVIS Hè? Jy kort diskoers, vroumens. (Praat na 'n diep teug) Die meisietjie by dr. Melzer het my 'n nuwe raat gegee. Sy smeer Stella-olie aan, sê sy, en jy trek twee ou kouse oor jou hande aan voor jy gaan slaap.

MYRTLE Hoekom nie handskoene nie?

MAVIS Weet jy hoe stink Stella-olie? Ag, kom ons praat oor ander dinge. Jy's ook so blêddie gesond, jy verstaan van g'n niks nie. Maar jy sal jou gewig moet dophou, dit kan ek jou darem sê ...

Die musiek hou op.

MYRTLE Daar hou hulle alweer op.

MAVIS En net betyds vir party mense. Is dit Ella wat so swik?

MYRTLE Einste. Soos 'n creepy crawly. En so ongeskik as wat sy gaan sit! O, Mavis, hou my vas! Dit gaan gebeur!

MAVIS Wat nou, vroumens?

MYRTLE (amper histeries) Hy kom na ons toe, Mavis. Eindelik! Ek ... ek dink hy gaan my vra!

MAVIS En hoekom nogal vir jou?

MYRTLE Oor hy altyd vir my "hello" sê as hy Gym toe gaan.

MAVIS Oor hy nie weet wat om vir jou te sê nie. Oor jy altyd in sy pad staan, soos 'n baal wol. Mans en dis 'n erkende feit - val nie vir vet vroumense nie. Hulle loop liewers óm hulle.

MAVIS skik haar hare en glimlag koketterig. Beide MAVIS en MYRTLE lyk verstar. Hulle oë draai na regs wanneer hulle droomheld se gang hom verby hulle voer.

MAVIS Hy gaan Gents toe.

MYRTLE Daai operasie, Mavis, affekteer dit ook sy blaas? Dis al die tweede keer vanaand.

MAVIS Ek reken so, Myrtle, dis mos maar 'n traffic jam daar onder, met al die pypies en kruisings en dinge. Kom ons loop, Myrtle, ons mors ons tyd.

MYRTLE Ons slaap agter 'n koue klip ...

MAVIS (kry haar goed bymekaar) En wie wil nou met 'n ou piepie-in-die-kooi ... 'n Mens kan nog infeksie staan en kry ...

MYRTLE Oe, Mavis, jy laat my gril. (Begin ook oppak. Laat val 'n doos "Black Magic")

MAVIS Los daai boks, hy's lankal leeg. (MYRTLE slaan 'n hand voor haar mond). Wat lag jy nou? Oor jy alles opgeëet het"

MYRTLE Ek dink het, as daai vroumens, daai Jissebel by hom aansteek ... Ek lag my 'n papie.

MAVIS (glimlag gemeen) Hierop moet gedrink word! 'n Loopdop by Claridges!

MAVIS en MYRTLE al pratend af.

MYRTLE Maar eers moet ons by 'n plek aangaan. Ek kan 'n os opeet, so honger is ek. En 'n appeltert daarna .. Jy kan één skyfie kry ...

MYRTLE en MAVIS is byna dadelik weer terug, met stigtelike hoedjies en handskoene. Hulle gaan staan formeel langs mekaar en sing in die trant van die gesusters Briel:

Desember-blues

Nog 'n somer sonder iemand
en ek verdor tot niks en niemand
Die windblom moet
wil hy gedy
die wind van voor
en agter kry

Nog 'n somer sonder iemand
en ek verdor tot niks en niemand
Die sonneblom
is net maar geel
solank hy van
die son kan steel.

Nog 'n somer sonder iemand
en ek verdor tot niks en niemand
'n Hond is hond
net tussen maats:
sy honde-aard
word teruggekaats.

Nog 'n somer sonder iemand
en ek verdor tot niks en niemand
Ook mense soek
'n skermmaat,
of beter nog:
'n toeverlaat.

Nog 'n somer sonder iemand
en ek verdor tot niks en niemand

21. Parade van die tantes

Met voëls word hul nooit wakker
maar meesal met Vivaldi
en laataand na 'n slaappil
versink hul in Tebaldi

Die liefde is 'n mite
wat saamtrek in 'n mik
die liefde het geen hande
beswyk aan eie jeuk

Van hoop leef hul en groente
maar stysel is verbode
want "lyn" is die Charisma
van sekulêre gode

Die liefde is 'n mite
wat saamtrek in 'n mik
die liefde het geen hande
beswyk aan eie jeuk

Hul radar rig dié jagters
na klub- en Badgeriewe
want iewers in 'n ander
verlê hul dalk hul griewe

Die liefde is 'n mite
wat saamtrek in 'n mik
die liefde het geen hande
beswyk aan eie jeuk

Gestand lê hul op strande
met sneeubril en koerante
hul noodskap klief die eter
vibreer na alle kante

Die liefde is 'n mite
wat saamtrek in 'n mik
die liefde het geen hande
beswyk aan eie jeuk

Nog voor hul somer oor is
verpulver sy vertinsel:
hul angs is gans hul menswees
en seks sy grondbeginsel

Die liefde is 'n mite
wat saamtrek in 'n mik
die liefde het geen hande
beswyk aan eie jeuk

Prins Jesus, wees tog billik:
die tantes het 'n rol:
hul dra en voed die kusnte
maar eis geen enkel tol

22. <u>Waar is al die blomme heen</u>?

Waar is al die blomme heen,
het die sonlig hul verblind?
Waar is al die blomme heen,
het die sonlig hul verblind?
Sê my waar papawers dans?
Meisies vleg hul in 'n krans.
Sal ons dan nooit verstaan?
Sal ons dan nooit verstaan?

Waar is al die meisies heen,
was hul skoonheid net geleen?
Waar is al die meisies heen,
was hul skoonheid net geleen?
Sê my waar die meisies dans?
Elke man soek nou sy kans.
Sal ons dan nooit verstaan?
Sal ons dan nooit verstaan?

Waar is al die jong mans heen,
moet geliefdes hul beween?
Waar is al die jong mans heen,
moet hul moeders hul beween?
Sê my waar die jongmans is?
Het Die Grens hul vuur geblus?
Sal ons dan nooit verstaan?
Sal ons dan nooit verstaan?

Waar is die soldate heen,
moet hul meisies hul beween?
Waar is die soldate heen,
moet hul meisies hul beween?
Waar sal ons hul spore vind?
Oor hul grafte waai die wind.
Sal ons dan nooit verstaan?
Sal ons dan nooit verstaan?

Waar is al die grafte nou,
Waar moet ons oor dodes rou?
Waar is al die grafte nou,
Waar moet ons oor dodes rou?
Sê my waar is pa en kind?
Blomme bewe in die wind.
Sal ons dan nooit verstaan?
Sal ons dan nooit verstaan.

Waar is al die blomme heen,
het die sonlig hul verblind?
Waar is al die blomme heen,
het die sonlig hul verblind?
Sê my waar papawers dans?
Meisies vleg hul in 'n krans.
Sal ons dan nooit verstaan?
Sal ons dan nooit verstaan?

23. <u>Lear van die Bernauerstrasse</u>

*('n Skemerige verhoog. Lear van die Bernauerstrasse, met 'n lang wit baard om ons aan sy genant te herinner, staan op die boonste sport van 'n trapleertjie, sy rug na die gehoor. Hy staan roerloos, 'n verkyker voor sy oë. "Hab noch einen Koffer in Berlin" word gespeel - die Dietrich-opname. Die uitdoof van die lied val saam met sterker beligting. Lear draai hom om na die gehoor; kyk deur sy verkyker na die gehoor. Laat verkyker, wat met 'n band om sy nek vasgemaak is, stadig sak.)*

LEAR: Wat sien ek, dink julle? (Draai hom terug na die agtermuur; praat met rug na gehoor.) Waarna kyk ek, dink julle?

STEM UIT GEHOOR (M.C.): 'n Muur

LEAR: Lank nie so dom nie. Maar sien jy ook die ander muur?

M.C. (uit gehoor): Watter ander muur?

LEAR: Kom, boetie, kom kyk self, en sê vir die mense wat jy sien. (M.C. op verhoog.) Wag, voor jy op die stellasie klim, sê eers wat jy op hierdie muur sien, die een hier voor jou.

M.C. (beteuterd): Niks

LEAR (moedeloos): Daar is mense wat 'n muur miskyk, en uiteindelik glo hy bestaan nie. Daar is ander wat 'n muur sien, rááksien, maar hom nie kan ontleed nie. Die skrif op die muur is vir hulle vreemd. Of hulle wil dit nie verstaan nie. Kyk stip, boetie, kyk stip.

*(Twee projeksies op muur: "Die Mauer muss weg" en "Nicht wieder Krief". Doof projeksies.)*

M.C.: Dit spyt my, oom, ek sien niks nie.

LEAR: Jou oë word gehou, my kind. Dalk val die skille nog betyds af. Klim nou op die stellasie. (Hy klim af; hang verkyker om M.C. se nek.) Wat sien jy?

M.C. (op trapleertjie): 'n Muur, en nog 'n muur. En dan 'n Niemandsland waar distels groei, en 'n sonneblom of twee. En dan weer twee mure, met rolle doringdraad bo-op. En agter die mure is verdiepinghuise ...

LEAR: Woonhokke

M.C.: En in dié woonhokke woon daar mense wat voor hul vensters staan.

LEAR: Hoe weet jy hulle is mense? Hulle het dan gate waar daar oë moet wees?

M.C. (stadig): Gate? Verkykers.

LEAR: Visioenêre, sou jy dink. Kykers wat sieners mag wees. Maar wat sien hulle?

M.C.: Vir ons. Met gate voor my oë.

LEAR: Hulle kyk jou menslikheid mis.

M.C.: Oor ek dit vir hul wegsteek.

LEAR: Klim af, my boetie. Gee vir my.

M.C. (hang verkyker om Lear se hals): Dankie, oom. Kan ek maar gaan, oom?

*(Lear bestyg trapleer, onbewus van M.C. se bestaan. M.C. skoorvoetend af.)*

LEAR (praat regstreeks met gehoor): Sê u nou vir my: wie moet die mure wegneem? Dat die Niemandsland kan blom. Hulle sê óns moet. Ons sê húlle moet. Maar wie is hulle? Hulle is ons. Eers ná daar geen hulle is nie, net 'n ons, sal die mure val. Soos dié van Jerigo. Maar geruisloos, soos op 'n film. Stadig, soos op 'n film. En die mure sal soos rook verdwyn. En ons aan die ander kant sal na ons aan hierdie kant kom en ons sal vir ons sê: "Hier is ons."

*(Lear klim stadig by die treetjies af. Skielik is hy 'n baie ou man. Hy gaan kniel by die muur. Bokant hom, teen die muur, verskyn 'n projeksie van 'n begrafniskransie wat teen 'n muur hang.)*

SPOOKSTEM OP BAND: Hier rus my seun Gottfried, doodgeskiet op 10 Junie 1980. Laat sy dood 'n aanklag bly.

*(Wanneer Lear orent kom, dra hy 'n gerf sonneblomme op sy arms asof dié sonneblomme 'n lyk is. Hy kom tot op die randjie van verhoog en praat koning Lear se groot lykrede.)*

LEAR: Skreeu, skreeu, skreeu! O, mense, jul's van klip; had ek jul tong en oë, ek sou so skreeu,
Die hemelkoepel self sou kraak; hy's weg vir altyd.
... Nee, nee, geen lewe nie!
'n Hond, 'n perd, 'n rot mag leef, en jy't
Geen asem meer, my kind, waarom? (Stap van verhoog af en tussen gehoor deur na teateruitgang terwyl hy verder praat.)
Nooit kom jy terug, nooit weer nie, nooit, nooit, nooit!

*(M.C. en Gade verskyn. Hulle kyk na die deur waar Lear verdwyn het.)*

M.C.: Wie is hy, Moeder?

GADE: 'n Berlyner wat aan die muur woon, my kind.
*(Gade af. M.C. klim op die trapleertjie en staar na die muur.)*

24. <u>Lied van die verminktes</u>

*(Lig op ongeskonde soldaat:)*
Met ledemate ongeskonde
is ek weer terug uit daardie hel:
maar in my gees suis die mortiere,
en in my hart sit die skrapnel.

*(Koor van vier soldate, steeds in skemerlig:)*
Elders val die lentereëns
en roep die voëls die more;
maar hierdie aarde is verhard,
sy vrugte doodgebore.

*(Lig op soldaat tussen krukke:)*
Ek wou my ingraaf in die aarde
teen koeëls wat bontspring en ontplof;
my been lê op die veld vergete
maar ek bestaan nog: God sy lof

*(Lig op soldaat in rolstoel:)*
Nou rol ek daagliks deur die strate,
verskrik, of ek sirenes hoor.
Ek praat my moed in; word 'n pantser
wat reguit na hul bene spoor.

*(Koor van vier soldate:)*
Elders val die lentereëns
en roep die voëls die more;
maar hierdie aarde is verhard,
sy vrugte doodgebore.

*(Lig op totaal verminkte soldaat:)*
Van my is oor dié hopie mensvleis
('n skaam en skamel nagereg)
wat in die skuiling van die brein
sy bittereinde end-uit veg.

*(Lig op almal: sanger en koor:)*
Elders val die lentereëns
en roep die voëls die more;
maar hierdie aarde is verhard,
sy vrugte doodgebore.

25. <u>Die laaste soldaat</u>

*('n Enkele deurkosyn op verhoog. 'n Moeë SOLDAAT staan binne die kosyn, sy rug na die gehoor gedraai. Oorlogsgeluide op 'n afstand. Hy draai hom eindelik na die gehoor en mymerpraat:)*

Dis wat van my ma se huis oorgebly het. Die huis wat later myne geword het. En waar my drie kinders gebore is. Net 'n kosyn. Een kosyn. Die kosyn van my ma se kamer. Rommel waar die bed was. Stof en as. En teen die bult daar ánderkant rook dit nóg. Jy kan die son nie lekker sien nie, maar dis al beter as gister. (Vee iets van sy hand af.) Roet. Wat op jou kom sit nes vlieë. (Staan weer 'n oomblik in die deurkosyn, sy rug na die gehoor, voordat hy omdraai.) Snaaks, as ek dink aan my ma se kamer, wat later my kamer geword het (sluk) ... ons kamer ... ek en my vrou s'n ... kan ek nie onthou hoe dit in my vrou se tyd gelyk het nie. En my vrou en my kinders, ek kan hulle ook nie lekker onthou nie. My vrou is oor en oor ... en toe het sy haarself ... opgehang. En die kinders is ook ... dood ... Twéé is dood, die ander een is weggeneem ... die Here alleen weet waarnatoe. Dis net my ma wat ek op hierdie oomblik onthou. En haar kamer. (Spreker begin emosioneel desintegreer. Hy "regresseer" na die Capey-spraak van sy jeug en wieg terwyl hy praat.) Ennie prent vannie Jirre wat klop annie deur. Ennie lampkap merrie tosseltjies. Ennie Vrydag kom ek vannie skool af, en Ma is nie innie kombuis merrie brood en jêm en koffie nie, en ek kom staan hier innie deur, en druk teen die kosyn, en ek kyk só vir haar waar sy op die kooi lê. En ek sê: Mammie, jy kannit nie vir my wegsteek nie, jy 'struggle'. En sy lag so deur haar trane en sê: 'Ag, loop skyt jong.'" En daai was haar laaste woorde. Saterdagaand was Mammie 'n lyk. (SOLDAAT tel 'n glasskerf op, kyk lank daarna, en begin sing):

26. <u>Die afwaartse spiraal</u>

Ná elke rewolusie
dieselfde ou konklusie:
die mens se ewolusie
is lank nog nie finaal.
(Of is dié ewolusie
sy piek reeds klaar verby?
En is die wêreld besig
om afgrondwaarts te gly?)

(Die res van die GESELSKAP kom stadig en plegtig op en sing saam met SOLDAAT):

Dié afwaartse spiraal
gaan jou geen Bach besorg nie.
Dié afwaartse spiraal
kan nooit 'n Rembrandt borg nie.
Of Michelangelo.
Of Shakespeare en die res.
En hieruit volg - dit moet jul glo -
die oudste aardse sedeles:

Die mensdom raak al dommer
en menslikheid al stommer
na oorlog en geweld.

Siniese stem oor luidsprekers: Nasionaliteite? Ideologieë? Dit moet tog tel? Die SOLDAAT antwoord namens die groep:

Ook vlae word bloot vlamme
in elke stad wat brand
en stede raak aan stede
in dié en elke land.
En oral oor die aarde
'n bitter kettingbrand
wat elke ding van waarde
tot op die been verbrand

En of 'n vlag nou wit of rooi is
en sy ontwerp nou sleg of mooi is -
die winde van verandering
bring telkens één verandering:
wat lap is raak vertoiing
tot nog 'n stukkie goiing
wat fletter in die wind
wat fletter in die wind

GESELSKAP:

Ná elke rewolusie
dieselfde ou konklusie:
die mens se ewolusie
is lank nog nie finaal
Of is dié ewolusie
sy piek reeds klaar verby?
En is die wêreld besig
om afgrondwaarts te gly?

Dié afwaartse spiraal
gaan jou geen Bach besorg nie.
Dié afwaartse spiraal
kan nooit 'n Rembrandt borg nie.
Of Michelangelo.
Of Shakespeare en die res.
En hieruit volg - dit moet jul glo -
die oudste aardse sedeles:

    Die mensdom raak al dommer
    en menslikheid al stommer
    ná oorlog en geweld.

27. <u>In hierdie wye, droewe land</u>

Ons ken ten dele
verstaan ten dele:
en daarom moet ons oordeel mild wees,
ons bitter pille soet verhuld wees:
want in ons wye, droewe land
het elke saak 'n ander kant.
Tog het ons bontheid suiwer binding
wat uitstyg bo Partybevinding:
in ons - nie "hierdie" - droewe land
is vaalpens, rooinek, houtkop, Boer,
is mansmens, vroumens, moffie, hoer
aaneengestreng: dieselfde moer;
hier pak oor ons dieselfde wolk,
hier steek in ons dieselfde dolk;
ons leef en sterf in een verband:
dié wye, droewe suiderland.
Ons ken ten dele
verstaan ten dele:
en daarom moet ons oordeel mild wees,
ons bitter pille soet verhuld wees.

28. <u>Groen</u>

DIE OU VROUTJIE: *(staan tussen 'n paar potplante waarvan sy een wil kies. Sy is verwaarloos, met 'n kopdoek om haar hare en pantoffels aan haar voete. Sy lyk soos 'n skropvrou.)*

Nee, ek hou nie 'n oop huis nie, meneer, en ek sal jou sê hoekom. Want ek kan net myself ontvang, en somtyds my Here; maar ook dit gaan moeilik. Want ek is nie aldag by myselwe nie. En as ek só is, weet ek mos nie Hy's daar nie.

My werk ly daaronder, meneer. Ek het al drie koppies gebreek, en dit gaan van my pay af. En gister was ek laat met die tee. Die baas het my ingeroep.
Dis hoekom ek hier ingeloer het, meneer. Om hulp. Want tussen al dié potte.

Maar eers van my kamer, meneer. Hy is baie klein. Ek kla nie, verstaan mooi. En ek mag nie kla nie. My bly is teen die wet. En waarheen anders sal ek gaan, en weer so goedkoop? Maar hy is baie klein, meneer. As ek die trommel met my klere en goedjies onder die bed uittrek, is daar nie plek vir die trommel om te staan nie.

Dié een ruik darem lekker, nè? Soos vanslewe. Roosmaryn? Maar hy wil seker son hê?

Bokant my bed is 'n rak, en hy staan tjok-en-blok. Want dis al pakplek wat ek het. My praaimer en lamp en koppies en medisyne. En dan natuurlik die Bybel. Ek moet op die bed klim om iets af te haal. Hoe lank die bed gaan hou. Gelukkig van die trommel wat onder hom staan. Geen wasbak nie. Maar daar is 'n kraan in die jaart. En my lampetbeker hou ek op die rak, en die kom sit ek oor die pot onder die bed, want anders werk dit nie uit nie. Met die min plek.

Haai, Here, wanneer laas het ek tiemie geruik? Maar hy wil ook sy son hê.

Die kamer is donker, meneer. En sonder krag. Ek kla nie, ek sê net. As jy die deur toetrek, vergeet jy wat jou kleur is, so donker is dit. Want die kamer het nie 'n venster nie. Daarom kry ek hom so billik, meneer. Jy moet die deur laat oopstaan vir lug en lig.

Nee, bang is ek nie. Want die Here is by my. (Dis nou as ek die slag by myselwe is.) En rondom die jaart is hoë mure met bottelstukke bo-op. Want ek bly in die jaart van 'n pakhuis, hier in die Bo-Kaap in. Maar moet niks daarvan sê nie. Dis teen die wet.

En toe roep die baas my gister in.

"Jy bly te alleen," sê hy. "Jy raak vreemd."
"Ek is nog nie mal nie," sê ek toe.
Maar die baas gaan aan en hy sê: "Jy moet vir jou 'n asem kry. 'n Kat of 'n hond."

Bid jou aan; 'n kat of 'n hond. Selfs 'n voëltjie sal te duur wees. Ek wat self van oorskiet leef. En waar sal ek 'n voël hou? Hy sal mos dood, so heeldag in die donker?

Maar toe ek gister huis toe loop, dink ek aanmekaar. En ek het baie tyd om te dink, want my plek is ver van die Foreshore af. 'n Plant, dink ek toe, is mos ook 'n asem. As ek nou die lampetbeker aan 'n spyker teen die muur kan laat hang. Of dalk die plantjie.

'n Plantjie wat min lug nodig het. En bitter min lig. Want laat ek hom buitekant staan, steel die skepsels hom. Om weer te verkoop. En ek kan hom ook nie elke dag werk toe dra nie. Met my arms. En die lang pad.

Daar moet tog so 'n plantjie wees? En as hy dalk kan blom? Al is dit een dag in die jaar. Of een nag in die jaar? Ek sal by hom waak, meneer, soos by 'n kind, en die hele nag lank my lamp laat brand.

29. <u>"Vra alles behalwe die liefde"</u>

"Net 'n bietjie liefde!"
eis die kleinste strompelaar;
en eis hiermee die hoogste
wat 'n sterfling kan ervaar.

> Vra alles behalwe die hoogste
> want liefde gevra is te veel.
> Vir eindige mensies soos ons is,
> is liefde gevra eens te veel.

"Net 'n bietjie liefde!"
is die bakvis se versoek;
maar weet nie dat sy end-uit
na hierdie droom gaan soek.

> Vra alles behalwe die hoogste
> want liefde gevra is te veel.
> Vir eindige mensies soos ons is,
> is liefde gevra eens te veel.

"Net 'n bietjie liefde!"
roep die digter radeloos,
want sonder hierdie dryfkrag
is sy versies waardeloos.

> Vra alles behalwe die hoogste
> want liefde gevra is te veel.
> Vir eindige mensies soos ons is,
> is liefde gevra eens te veel.

"Net 'n bietjie liefde?"
sug die huisvrou na haar dag.
(Vermoed dat sy 'n leeftyd
op die wonder gaan bly wag.)

> Vra alles behalwe die hoogste
> want liefde gevra is te veel.
> Vir eindige mensies soos ons is,
> is liefde gevra eens te veel.

"Net 'n bietjie liefde?"
huil die ou vrou (terminaal);
en weet dat sy daarsonder
die laaste grens moet haal.

Mensekinders, almal,
kleuter, digter, swaar bejaarde,
vra rykdom, roem, gesondheid,
vra blinkgoed uit die aarde,
vra alles wat/die gode bied,

vra wyn, die vrou, die lied -
vra alles behalwe die hoogste
want liefde gevra is te veel,
vra alles behalwe die liefde
want liefde gevra is te veel
want liefde gevra is te veel
want liefde gevra is te veel
want liefde ...

30. <u>Epiloog</u>

En so kom ons aan die einde
van 'n aand vol troebel pret -
want "troebel pret" is - met permissie -
die somtotaal en definisie
van hierdie hoerkind: KABARET.

Dit bied 'n leunstoel - sonder leuning -
en noem sy hoofdis: as-met-heuning;
dit sien die skedel agter vlees -
al sou dié vlees hóé prima wees.

Kom, klink 'n loopdop op die lot
en sit hom toe met: EDELVROT!

*(Stap oor na SANGER en vul sy glas.)*

MC Toe, ou swaerie, hoe gaan jou songkie nou weer:

'n Alsem
is 'n balsem
teen latenstyd?

*(SANGER ledig sy glas met een teug, en vee dan sy mond met die rugkant van sy hand af en sing:)*

31. <u>"Teen latenstyd"</u>

'n Alsem
is 'n balsem
teen latenstyd
geketel
en gestook
van vergetelheid
'n Sopie
is 'n stropie
teen dusketyd
voor skrik vir die nag
en selfverwyt
jou vasgryp en knelter
aan verlede tyd
'n Alsem
is 'n balsem
teen skemertyd
voor die donker jou toevat
en die ewigheid.

*FINIS*